

US BIBLIOTEEKDIENS

2003 JAARVERSLAG

Ons verbintenis tot uitnemendheid open deure na kennis



Privaatsak X5036, Stellenbosch 7599, Suid-Afrika
Tel.: +27 (0)21 808 4876
Faks: +27 (0)21 808 4633
Web: <http://www.sun.ac.za/library>

INHOUD

1	HOOGTEPUNTE	4
1.1	Strategie vir die Millennium	4
1.2	Samewerking met buitelandse organisasies	4
1.3	Aktiewe deelname aan die Library and Information Association of South Africa (LIASA)	4
1.4	Jaarlikse biblioteeksimposium	4
1.5	Pro Bene Merito-toekenning aan mnr WC Luijendijk	4
2	BESTUUR VAN VOORRAAD	5
2.1	Aankoop van bronne	5
2.1.1	Strategie vir die Millennium: oorgang na elektroniese inligtingsdraers	5
2.1.2	Fondsverdeling	5
2.1.3	Wisselkoers	6
2.1.4	Materiaalbegroting	6
2.1.5	Gemiddelde boekprys	6
2.1.6	Besparings deur SASLI	6
2.2	Ontwikkeling / uitbou van die voorraad	7
2.2.1	Groei van die voorraad	7
2.2.2	Soölogie en Mondheekunde	8
2.2.3	Ontsluiting van bronne	8
2.2.4	Bosboudatabasis	8
2.3	Benutting van die voorraad	9
2.3.1	Databasisse	9
2.3.2	Tradisionele media	9
2.3.3	Interlenings	9
2.3.4	Gebruikertipes	10
3	KLIËNTEDIENSTE	10
3.1	Bronverskaffing	10
3.1.1	Kwitansiestelsel	10
3.1.2	Selfuitreikeenheid (SUE)	11
3.1.3	Reserwe-materiaal	11
3.2	Inligtingverskaffing	11
3.2.1	INFOBANK	12
3.2.2	Afstandstudente	12
3.2.3	Dienslewering aan sekondêre gebruikers	12
4	INFORMASIE-TEGNOLOGIE	13
4.1	VSA-besoek	13
4.2	Opgradering van Aleph	13
4.3	Citrix-bediener	13
4.4	e-Kampusinisiatief	14
4.5	Koordlose netwerkbediener	14
5	STRATEGIESE AANGELEENTHEDE	14
6	GEHALTEVERSEKERING	15
7	BEPLANNING EN BEMARKING	15
8	MENSLIKE HULPBRONNE	16
8.1	Personeelomset	16
8.2	Opleiding en ontwikkeling	16
9	BIBLIOTEEKSIMPOSIUM	17

10	NASIONALE EN INTERNASIONALE SAMEWERKING	18
10.1	CALICO	18
10.2	Sabinet Online Information Resources Committee	19
10.3	COSALC	19
10.4	FULSA	19
10.5	OCLC	20
11	BIBLIOTEEKKOMITEE	20
12	FASILITEITE	20
12.1	Herinrigting: JS Gericke Biblioteek	20
12.2	Teologie Biblioteek	21
12.3	Risikobestuur	21
13	DOELWITTE: 2004	21
14	DANKWOORD	22
<u>TABELLE</u>		
	Tabel 1: Wisselkoers van buitelandse geldeenhede	6
	Tabel 2: Gemiddelde boekpryse, volumes aangekoop, bedrae aan boeke bestee	6
	Tabel 3: Groei en omvang van die versameling	7
	Tabel 4: Inkomste en uitgawes van afstandstudente	12
<u>GRAFIEKE</u>		
	Grafiek 1: Uitreiking van tradisionele vs elektroniese materiaal	9
	Grafiek 2: Totale aantal uitreikings 1999-2003	9
	Grafiek 3: Totale uitreikings per materiaaltipe	9
	Grafiek 4: Interlenings: 1999-2003	10
	Grafiek 5: Uitreikings volgens gebruikertipe	10
	Grafiek 6: INFOBANK-ledetal en ledegeld	12

1 HOOGTEPUNTE

Die verslagjaar het 'n aantal hoogtepunte opgelewer waarop die Biblioteekdiens trots is:

1.1 Strategie vir die Millennium

Die *Strategie vir die Millennium: oorgang na elektroniese inligtingsdraers* wat voortbou op die *Strategie vir die Millennium (2000)* is 'n belangrike projek wat in 2003 afgehandel is. Hierin word die strategie duidelik uitgespel vir die oorskakeling van papiertydskrifte na volteks elektroniese medium. Die projek is in volle konsultasie met dosente, navorsers en studente afgehandel. Dit is ook suksesvol deur die komiteestruktuur van die Universiteit gevoer en in Junie 2003 deur die Senaat aanvaar.

1.2 Samewerking met buitelandse organisasies

Die Biblioteekdiens het oor die jare besondere kontakte opgebou met relevante organisasies in die buiteland, wat op die inligtingsterrein werksaam is, onder andere die Open Society Institute se projek: *Electronic Information for Libraries (eIFL)*; die *Lots of Copies Keep Stuff Safe (LOCKSS)* van Stanford Universiteit en lidmaatskap van die Members Council van die Online Computer Library Centre (OCLC) in Columbus, Ohio. Prof JH Viljoen het in Mei 2003 uitgetree as lid van die Members Council. Hierdie kontak was nie alleen vir die Biblioteekdiens belangrik nie, maar ook vir die 70 ander Suid-Afrikaanse lede wat hy verteenwoordig het.

1.3 Aktiewe deelname aan die Library and Information Association of South Africa (LIASA)

Die personeel van die Biblioteekdiens neem aktief deel aan die aktiwiteite van die beroepsorganisasie: Library and Information Association of South Africa (LIASA). Verskeie personeellede is lid van LIASA se werkgroepe en komitees en 'n groep het ook die jaarlikse konferensie wat in September gehou is, bygewoon.

1.4 Jaarlikse biblioteeksimposium

Die jaarlikse biblioteeksimposium is in 2003 vir sesde keer aangebied. Die tema: "The cost of Information: who pays the Ferryman?" het groot belangstelling uitgelok en meer as 130 afgevaardigdes het dit einde Oktober 2003 bygewoon.

1.5 Pro Bene Merito-toekenning aan mnr WC Luijendijk

Tydens die biblioteeksimposium is die Pro Bene Merito-medalje vir uitstaande diens aan die Universiteit aan mnr WC Luijendijk van Nederland toegeken.

2 BESTUUR VAN DIE VOORRAAD

2.1 Aankoop van bronne

Op finansiële gebied het die Biblioteekdiens in 2003 voor groot uitdagings te staan gekom. Die Universiteit se oorskakeling na 'n stelsel van gedesentraliseerde finansiële bestuur; die invloed van wisselkoersskommelings; die geweldige toename van beskikbare kennisbronne en die vorming van monopolieë deur uitgewers het bygedra dat nuwe oplossings gesoek moes word om 'n bekostigbare akademiese inligtingstelsel vir die Universiteit van Stellenbosch daar te stel.

2.1.1 Strategie vir die Millennium: oorgang na elektroniese inligtingsdraers

As deel van die Biblioteekdiens se strategiese beplanning is groot sukses behaal om uitdagings te bowe te kom met die aanvaarding van die *Strategie vir die Millennium: oorgang na elektroniese inligtingsdraers* deur die Senaat in Junie 2003. Die vernaamste kenmerke van die strategie is: maksimale benutting van die elektroniese inligtingsomgewing en dat fakulteite groter inspraak kry in besteding op inligtingsdraers. Verskeie aspekte van dié strategie, waarvan die deurdra-effek in die 2004/2005 begroting verwag word, is in 2003 suksesvol geïmplementeer:

- Enkelpapiersubskripsies van tydskrifte is vervang met elektroniese kopieë waar laasgenoemde meer koste-effektief was.
- Papiertydskriftitels wat elektronies beskikbaar is, is gestaak.
- Min-gebruikte tydskriftitels, met 'n lae rangorde, is gestaak ten gunste van artikel-op-aanvraag dokumentlewering.
- 'n Twee jaar moratorium is geplaas op die aankoop van nuwe tydskriftitels en vervang met gratis dokumentlewering van artikels uit dié tydskrifte.

2.1.2 Fondsverdeling

'n Taakgroep onder leiding van prof Albert van Jaarsveld (Dekaan: Natuurwetenskappe) is deur die Viserektor (Navorsing) benoem om ondersoek in te stel na 'n nuwe fondsverdelingsmeganisme wat binne die raamwerk van gedesentraliseerde finansiële bestuur gebruik kan word. Die fondsverdelingsformule wat sedert 1990 deur die Biblioteekdiens gebruik is om die materiaalfondse te verdeel, het in onbruik geraak omdat sekere data-elemente nie meer beskikbaar was nie en die rigiditeit daarvan in konflik is met gedesentraliseerde finansiële bestuur. Die Taakgroep het drie keer in 2003 vergader en 'n voorstel vir 'n nuwe stelsel sal in 2004 ter tafel gelê word met verwagte implementering in die 2005 begrotingsiklus.

2.1.3 Wisselkoers

'n Komitee is ook gedurende die jaar deur die Uitvoerende Direkteur: Finansies aangestel om, weens voortdurende wisselkoersskommeling (Tabel 1), buitelandse valuta dekking vir die Universiteit te reël. Die Biblioteekdiens se verpligtinge ten opsigte van sy twee grootste verskaffers (EBSCO en Swets) word veral hierdeur geraak en die verwagting is dat dit die Biblioteekdiens in die toekoms tot voordeel sal strek.

Tabel 1: Wisselkoers van buitelandse geldeenhede

	GBP	USD	EURO
1996	6.86	4.4	
1997	7.67	4.85	
1998	10.5	6.36	
1999	9.78	6.19	
2000	10.53	6.95	6.64
2001	11.76	8.28	7.19
2002	15.95	10.24	10.18
2003	12.47	7.64	8.73

2.1.4 Materiaalbegroting

Die Biblioteekdiens se materiaalbegroting van R33 094 171 is in 2003, as 'n tussentydse maatreël, volgens 'n meganisme verdeel wat deur die Viserektor (Navorsing) bepaal is. Dit het ingehou dat gewigte van onderskeidelik 1 en 2.7 aan geestes- en natuurwetenskappe VE-studente toegeken is vir die bekostiging van tydskrifte. Fondse vir boekaankope is deur die Dekane verdeel.

Die Biblioteekdiens het ook aan departemente die geleentheid gebied om addisioneel tot hul normale jaarlikse toekenning vir boeke aansoek te doen om leemtes in hul versamelings aan te vul of te voorsien in nuwe leer- en onderrigbehoefte binne die departemente. 614 aanbevelings is ontvang met 'n totale waarde van R297 132. Die Biblioteekdiens was in staat om in al dié behoeftes te voorsien.

2.1.5 Gemiddelde boekprys

Die gemiddelde boekprys in 2003 was R460.23 en weens die algehele verbetering in die waarde van die Rand was daar 'n 17% groei in die aantal volumes wat aangekoop kon word.

Tabel 2: Gemiddelde boekpryse, volumes aangekoop, bedrae aan boeke bestee

	Gemiddelde aankoopprys (Rand)	Aantal volumes aangekoop	Bedrag bestee (Rand)	% (plus / minus)
1993	135.29	10 734	1 452 189	+1.75
1996	200.66	7 693	1 543 713	-10.30
1999	304.38	9 319	2 836 495	+44.8
2002	649.80	6 592	4 283 506	-26.02
2003	460.23	7 729	3 557 179	+17.24

2.1.6 Besparings deur SASLI

Groot besparings is ook bewerkstellig in die besteding op elektroniese bronne. Hierdie besparings is veral deur die bedinging vir gunstige pryse op nasionale vlak deur die South African Site Licence Initiative (SASLI) teweeggebring en het nasionaal altesaam R34 542 526 beloop.

2.2 Ontwikkeling / uitbou van die voorraad

2.2.1 Groei van die voorraad

Boeke en elektroniese materiaal het gedurende 2003, soos in die tabel hieronder aangedui, bestendig gegroei en die totale omvang van fisiese items in die Biblioteekdiens se voorraad word tans op 1,01 miljoen beraam. In die nuwe inligtingsomgewing val die klem egter op toegang eerder

Tabel 3: Groei en omvang van die versameling

	2000	2001	2002	2003
Boekmateriaal	624 562	634 250	641 307	650 922
Ander materiaal	34 140	35 023	35 201	35 593
Lopende tydskrifte	5 462	5 290	5 229	4 945

as besit van inligtingsbronne. Die Biblioteekdiens se elektroniese bronne is dienooreenkomstig en in ooreenstemming met die *Strategie vir die Millennium: oorgang na elektroniese inligtingsdraers (2003)* beduidend uitgebrei.

Belangrike toevoegings wat in 2003 tot hierdie medium gemaak is, is onder andere *SciFinder Scholar* wat die volledige *Chemical Abstracts* bevat. Voorts is die databasispakkette van Gale en Proquest uitgebrei om *Emerald*, *EbscoHost* en *ScienceDirect* aan te vul en sodoende die toegang tot elektroniese inligting eweredig tussen vakgebiede te versprei. Ander tydskrifpakkette wat aangekoop is, is *American Chemical Society* bestaande uit 117 titels wat hoofsaaklik chemiese tydskrifte insluit en *Lippincott Williams & Wilkins* met 37 titels hoofsaaklik in die gesondheidswetenskappe.

Ander buitengewone toevoegings tot die Biblioteekdiens se voorraad was:

- Die *Annual book of American Society for Testing and Materials (ASTM) standards* bestaande uit 77 volumes met meer as 11 000 ASTM standaarde by die Ingenieursbiblioteek.
- 'n Versameling dokumente in fotokopie-formaat van Albert Schweitzer by Spesiale Versamelings.
- 'n Unieke versameling boeke en plate van Hennie Aucamp rondom die kabaretmusiekgenre, wat in die Musiekbiblioteek gehuisves word. Die Departement Drama het saam met die Biblioteekdiens fondse beskikbaar gestel vir die aankoop van die versameling.
- 'n Strokiesprent versameling by Spesiale Versamelings en deelname aan 'n strokiesprent uitruilskema.

2.2.2 Soölogie en Mondheelkunde

Die jaar 2003 is ook gekenmerk deur die verskuiwing van die Soölogie biblioteekversameling terug na die JS Gericke Biblioteek asook die samesmelting van die US se Mondheelkunde Departement en UWK se Tandheelkunde Fakulteit met die gepaardgaande reëlings ten opsigte van die biblioteekbronne.

2.2.3 Ontsluiting van bronne

Op verskeie terreine is daar dienste ontwikkel om toegang tot bronne te verbeter. Die vernaamste hiervan is die A-to-Z stelsel wat deur middel van onderwerpskategorieë verbeterde toegang tot die Biblioteekdiens se volledige elektroniese versameling bied asook 'n elektroniese lys van nuwe boeke. Laasgenoemde maak dit vir kliënte moontlik om 'n elektroniese verslag, op grond van departement en tydperk, te genereer van die nuutste boeke wat deur die Biblioteekdiens aangewins is.

Die Katalogiseerafdeling het ook weer gedurende 2003 bygedra tot die uitbou van die nasionale bibliografiese databasis deur deelname aan SACat en indirek tot die internasionale bibliografiese databasis van Online Computer Library Centre (OCLC).

Die Biblioteekdiens geniet voorts internasionale erkenning vir die kundigheid van sy katalogiseerders deur middel van deelname aan Name Authority Cooperation (NACO) van die Library of Congress. Die Library of Congress, wat 'n besondere hoë standaard vereis, bevat ook oorspronklike bibliografiese rekords wat deur die Katalogiseerafdeling geskep is.

2.2.4 Bosboudatabasis

Bibliografiese rekords vir die unieke pamfletversameling van sowat 110 000 items wat by die Bosboubiblioteek gehuisves word, word sedert ongeveer 1986 deurlopend geskep en op die Bosboudatabasis gelaai. Hierdie databasis word deur middel van die MagNet stelsel van Sabinet beskikbaar gestel vir gebruik. Met die oorlaai van sekere data op die Bosboudatabasis in 1999 is 'n groot deel van die volledige databasis se rekords per ongeluk uitgewis.


Na onderhandelinge in 2002 is die verlore data met die hulp van die Afdeling Informasietegnologie van die Universiteit weer op ou magneetbande opgespoor en gereed gemaak vir herlaai op die databasis. Die data is uiteindelik in 2003 weer oorgelaai en die databasis is sedertdien weer volledig op MagNet beskikbaar.

2.3 Benutting van die voorraad

2.3.1 Databasisse


Die gebruikstatistiek van databasisse het in 2003 beduidend gegroei met 243 000 volledige elektroniese artikels wat in 2003 afgelaai is. Dit sluit nie elektroniese tydskrifartikels in van tydskrifte

waarvoor daar enkelsubskripsies bestaan nie. Die databasisse wat die beste benut is, is: EbscoHost (119,574 artikels), ScienceDirect (99,424 artikels) en Emerald (10,929 artikels).




2.3.2 Tradisionele media

Uitreikings van tradisionele media (boeke, papiertydskrifte, oudio-visueel) het in die ooreenstemmende tydperk met 5% teenoor die vorige jaar afgeneem. Die verhouding tussen die benutting van tradisionele en elektroniese media is tans: tradisioneel 69% en elektronies 31%. Kyk Grafiek 1.



Reserwe-materiaal verteenwoordig met 48% die grootste bron van tradisionele uitreikings. Alhoewel reserwe uitreikings teenoor die voorafgaande jaar afgeneem het, het dit proporsioneel tot ander materiaaltipes toegeneem. Kyk Grafiek 3 vir 'n uiteensetting van uitreikings volgens materiaaltipe.




2.3.3 Interlenings

Gedurende 2003 het beide die interleningaansoeke vanaf ander biblioteke en interleningaansoeke van eie kliënte afgeneem. Die rede vir dié afname kan waarskynlik toegeskryf word aan die toenemende toegang wat tot volteks elektroniese inligting gebied word asook besittingsprobleme met US voorraad op die nasionale interleningstelsel Sabinet.


Alhoewel die algehele aantal interleningtransaksies afgeneem het, het die aantal aanvrae wat suksesvol gelewer kon word met 10%, van 66% tot 77%, toegeneem.

Kyk Grafiek 4 vir 'n grafiese voorstelling van interleningaanvrae.



2.3.4 Gebruikertipes

Uitreikings van tradisionele media het die normale patroon gevolg met voorgraadse studente wat feitlik die helfte van alle uitreikings verteenwoordig. Dit word gevolg deur nagraadse studente (27%), doserende en nie-doserende personeel (20%) en sekondêre kliënte (4%). Kyk Grafiek 5.



3 KLIËNTEDIENSTE

In die kliëntediensafdelings, Bronverskaffing en Inligtingverskaffing, is daar in 2003 verder uitvoering gegee aan strategiese doelwitte wat in die *Strategie vir die Millennium: 'n nuwe rol binne die globale inligtingswêreld (2000)* uiteengesit is.

3.1 Bronverskaffing

3.1.1 Kwitansiestelsel

Daar is in Mei 2003 begin om kwitansiedrukkers by die Uitleenafdeling van die JS Gericke Biblioteek optimaal te benut. Volledige inligtingstrokies word aan kliënte uitgereik wanneer hulle boeke uitneem sowel as wanneer hulle boeke terugbesorg. Dié stelsel blyk suksesvol te wees om probleme met beweerde terugbesorgings te beperk en dit hou kliënte deurlopend op hoogte van hul transaksierekord by die Biblioteek.

3.1.2 Selfuitreikeenheid (SUE)

Die 3M Selfuitreikeenheid in die JS Gericke Biblioteek is 'n belangrike skakel in die diensstrategie vir kliëntbemaatiging van die Uitleenafdeling. Kliënte word sover moontlik aangemoedig om vir alle normale uitreikings van die SUE gebruik te maak. Alhoewel die stelsel deur netwerkprobleme geteister word, neem die gebruik daarvan toe. Tussen Julie en Desember 2003 is daar altesaam 6923 uitreikings op dié stelsel gedoen, wat 'n gemiddelde van 1118 per maand verteenwoordig.

3.1.3 Reserwe-materiaal

Na samesprekings in Mei 2003 tussen die Reserwe-afdeling, die Fakulteit Regsgeleerdheid en SUNMedia is daar besluit dat leesbundels vir hofverslae voortaan deur SUNMedia saamgestel en teen 'n bekostigbare fooi aan studente beskikbaar gestel sal word. Dié uitfasering van hofverslae uit die Reserwe-afdeling bied 'n oplossing vir outeursregkomplikasies; verminder administratiewe rompslomp; is geriefliker vir studente en baan die weg vir die fisiese herbeplanning en personeelherstrukturering van die Reserwe-afdeling.

3.2 Inligtingverskaffing

Aanwysende en onderwerpsnavrae het in 2003 'n beduidende afname getoon. Die oorsaak kan waarskynlik toegeskryf word aan oorvleueling tussen inligtingverskaffing en opleiding. Laasgenoemde dui op 'n tendens en stem ooreen met gepubliseerde waarnemings:

“For many generations, reference has been one of the pillars of librarianship. But the pillar is sagging. Mass education and web technology make traditional reference services less unique. Customers manage more on their own. Reference staff is threatened by disintermediation”(Why do you ask? Reference statistics for library planning. Part 1. Paper for IFLA Statistics section, Glasgow, 2002. <http://home.hio.no/~tord/02ref/ifla/complete1.htm>; Print version p 6).


'n Opleidings-/inligtingsgeletterdheidsbibliotekaris is ook herontplooï om dié neiging te ondersteun en uitvoering te gee aan die verhoogde klem op opleiding.

Daar is voorts 'n verdere vyf nuwe elektroniese vakgidse, wat primêr ten doel het om kliënte na die mees geskikte bronne te lei, deur vakbibliotekarisse geskep. Dié vakgidse vir geologie, wiskunde, ekonomie, sosiologie en sosiale antropologie en bedryfsielkunde is deur middel van die tuisblad toeganklik.

3.2.1 INFOBANK

Nege nuwe lede is gedurende die verslagjaar by INFOBANK aangesluit wat die totale ledetal op 104 te staan gebring het. Die totale inkomste wat deur INFOBANK gegenereer is, beloop R246 135 wat h 8,3% styging vanaf die vorige jaar is. Kyk Grafiek 6.

Grafiek 6: INFOBANK-ledetal en ledegeld



3.2.2 Afstandstudente

Die Biblioteekdiens het in 2003 'n gespesialiseerde inligtings- en dokumentleweringdiens gelever aan 427 studente van Afdeling Afstandsonderrig (AAO) asook ander afstandstudente wat buite die grense van die kampus woon. Altesaam 5106 items is aan dié studente voorsien wat nie direkte toegang tot die biblioteekversameling het nie. Die hoogste konsentrasie van dié dienslewering is by die Gesondheidswetenskappe Biblioteek gesetel. Kyk Tabel 4.

	Aantal studente			Inkomste		
	Totaal	Onaktief	Aktief	Inkomste	Uitgawes	Surplus
Biblioteekafstandstudente (BAS)						
Gesond	76			7 809.86	7 809.86	0.00
JSG	93			10 317.75	5 763.96	4 553.79
Teologie	15			2 204.90	1 333.08	871.82
Totaal	184			20 332.51	14 906.90	5 425.61
Afstandsonderrigstudente (AOS)						
Gesond	547	335	212		25 185.12	
JSG	246	215	31		2 527.51	
Teologie	0	0	0		0	
Totaal	793	550	243	154 800.00	27 712.63	127 087.37
TOTAAL	977	550	243	175 132.51	42 619.53	132 512.98

3.2.3 Dienslewering aan sekondêre gebruikers

Die Biblioteekdiens het die afgelope aantal jare toenemend versoeke ontvang van nie-universitêre tersiêre instansies soos privaat- en staatsgesubsidieerde of semi-staatsgesubsidieerde kolleges, akademies, en so meer, wat nie oor hul eie biblioteekfasiliteite beskik nie, om die volledige studente- en personeelgetalle van die instansie as lede van die Biblioteekdiens te laat aansluit. 'n Beleidsdokument oor die aansluiting, teen betaling, van en dienslewering aan hierdie persone is teen einde 2002 afgehandel. Die eerste instansie wat na die vasstelling van die beleid in 2003 by

die Biblioteekdiens aangesluit het, was die Stellenbosch Academy for Design & Photography wat ongeveer 35 studente en personeellede teen R250-00 per persoon by die Biblioteekdiens laat aansluit het. Die fooi per persoon sluit basiese dienste, groepsopleiding en –oriëntering en uitleenvoorregte in. Verdere dienste word teen die Biblioteekdiens se normale vasgestelde tariewe vir buitegebruikers gelewer.

4 INFORMASIE-TEGNOLOGIE

Verbeterde bestuur van die biblioteekrekenaarstelsel (Aleph); die opgradering van die rekenaarkatalogus en toeganklikheid van databasisse het gedurende 2003 prioriteit geniet en hiermee verder uitvoering gegee aan die strategiese doelstellings soos in die *Strategie vir die Millennium: oorgaan na elektroniese inligtingsdraers (2003)* vervat.

4.1 VSA-besoek

Gedurende Mei 2003 is 'n taakgroep van stelselbibliotekaris deur CALICO afgevaardig om tersiêre instansies in die VSA, wat ook die Aleph biblioteekrekenaarstelsel gebruik, te besoek. Die doel van die besoek was om oplossings te vind vir tegniese probleme wat binne CALICO met die stelsel ondervind is. Die US Biblioteekdiens is deur mnr WK Klapwijk verteenwoordig. Besoek is by sewe instansies afgelê en oplossings is vir baie van die probleme gevind. Dié oplossings is by die terugkeer suksesvol in die stelsel teruggeploeg. 'n Verdere voordeel van die besoek was die geleentheid vir CALICO stelselbibliotekaris om met kollegas in die VSA te netwerk en om die jaarlikse North American Aleph Users Group (NAAUG) konferensie by te woon.

4.2 Opgradering van Aleph

'n Opgradering van Aleph na weergawe 14.2.7 het verdere probleme uit die weg geruim en die onderbou in plek gestel vir die implementering van 'n "frameless" katalogus wat soomloosheid en die voorkoms van die katalogus verbeter.

4.3 Citrix-bediener

Toegang tot CD ROM-databasisse is ook gedurende 2003 verbeter met die ingebruikneem van 'n nuwe bediener met 'n Windows gebaseerde bedryfstelsel en "meta-frame" programmatuur wat met e-Kampus Projek fondse gefinansier is. Met dié sogenaamde Citrix-bediener is meer as 20 CD ROM-databasisse deur middel van die kampusnetwerk toeganklik gemaak. Dit hou besondere voordeel in vir afstandstudente vir wie dié databasisse nie voorheen van buite die kampus toeganklik was nie.

4.4 e-Kampusinisiatief

Die Biblioteekdiens het gedurende die verslagjaar sy samewerking met die eKampusinisiatief voortgesit. Die Stuurkomitee het gereeld vergader en kennis geneem van die vordering met die verbeterde toegang tot elektroniese bronne vir alle gebruikers. Hierdie verbetering is moontlik gemaak deur die finansiële steun van die e-Kampus Projekraad.

4.5 Koordlose netwerkbediener

'n Opwindende projek is ook in die JS Gericke Biblioteek van stapel gestuur om vir kliënte koordlose toegang tot die kampusnetwerk te gee. Die koordlose netwerkbediener is vir 'n toetsperiode van drie maande beskikbaar gestel en is baie gunstig deur kliënte ontvang.

5 STRATEGIESE AANGELEENTHEDE

Daar is in 2003 voortgebou op die strategiese doelstellings soos uiteengesit in die *Strategie vir die Millennium: 'n nuwe rol binne die globale inligtingswêreld (2000)* wat daarop gemik is om die uitdagings van 'n snelveranderende inligtingsomgewing die hoof te bied.

Die herstruktureringproses wat uit bogenoemde voortvloei het verder gestalte gekry met die afhandeling van die tweede fase van 'n veranderde organisasiestruktuur. Hiervolgens is drie nuwe afdelingshoofde aangestel vir Bronverskaffing, Inligtingverskaffing en Beplanning en Bemarking onderskeidelik. Die mikpunt hiervan is om 'n geïntegreerde kliëntedienseenheid te skep; 'n gedifferensieëerde inligtingsdiens te ontwikkel en om effektiewe kommunikasiekanale tot stand te bring. Daar is goed gevorder met dié inisiatiewe.

Die bestuurstruktuur van die Biblioteekdiens is ook geherorganiseer om voorsiening te maak vir twee afsonderlike strukture. Die Bestuurskomitee is uitgebrei om benewens die Senior Direkteur, Adjunkdirekteur en drie Assistentdirekteure ook die hoofde verantwoordelik vir Finansiële Administrasie, Informatietegnologie en Elektroniese bronne in te sluit, terwyl die Dagbestuur behartig word deur die Senior Direkteur, Adjunkdirekteur, Hoof: Finansiële Administrasie en 'n verteenwoordiger vir Menslike Hulpbronne. Daar is voorts 'n ondersoek na die herstrukturering van middelvlakbestuur van stapel gestuur.

'n Finansiële plan vir die bekostiging van inligtingsdraers wat uiteengesit is in *Strategie vir die Millennium: oorgang na elektroniese inligtingsdraers (2003)* het verdere herstrukturering teweeggebring. Die plan, wat in volle konsultasie met dosente, navorsers en studente afgehandel is, behels die oorskakeling van papiertydskrifte na die volteks elektroniese medium en optimale benutting van tegnologie. Maatreëls is ook getref om toegang tot papiertydskrifte wat in 2003

gekanselleer is vir 'n projekperiode van twee jaar met die gratis voorsiening van artikels op aanvraag te ondervang.

Strategiese beplanning word as 'n deurlopende proses beskou om 'n hoë gehalte, bekostigbare akademiese inligtingstelsel daar te stel wat die aflewering van die onderrig, navorsings en gemeenskapsdiensake van die US ondersteun.

6 GEHALTEVERSEKERING

As ondersteuningsdiens van die Universiteit van Stellenbosch het die Biblioteekdiens in die loop van 2003 kennis geneem van die Kwaliteitskomitee van die Raad op Hoër Onderwys (die HEQC) se oproep op tersiêre inrigtings vir die daarstelling van 'n gehalteversekeringstelsel. 'n Raamwerkdokument is deur die Biblioteekdiens opgestel om 'n gehalteversekeringstelsel in plek te plaas wat sal inskakel by die Universiteit se stelsel van periodieke sistematiese self-evaluering opgevolg deur eksterne eweknie-evaluering. Die fokus van die Biblioteekdiens se gehalteversekeringstelsel sal wees om 'n inligtingsdiens te lewer wat die inligtingsbehoefte van die Universiteit se akademiese gemeenskap ten opsigte van navorsing, leer en onderrig en gemeenskapsdiens sal kan bevredig. Die gehalte van die Biblioteekdiens se diensleweringse aktiwiteite sal onder meer in die konteks van die Universiteit se fokusareas geëvalueer word. Dit word beoog om aanvanklik in die loop van 2004 basiese prestasie-indikatore te ontwikkel en te toets na aanleiding van die bepaling van die strategiese fokusareas van die Biblioteekdiens.

7 BEPLANNING EN BEMARKING

Die nuwe afdeling Beplanning en Bemarking het sy werksaamhede in 2003 formeel begin na die herontplooiing van twee personele in die afdeling. Dié afdeling is hoofsaaklik gemoeid met beplanning, bemarking, reklame, korporatiewe identiteit en bestuursinligting. Inligtingsessies is vir elke afdeling van die Biblioteekdiens gehou om die funksies van die afdeling bekend te stel en om behoeftes uit biblioteekgeledere te bepaal.

Die vernaamste prioriteite vir die jaar was die volledige vertaling van die Biblioteekdiens se tuisblad in Afrikaans en die verbetering van eksterne kommunikasie. Laasgenoemde is veral aangespreek deur middel van 'n elektroniese nuusbrieff met kort brokkies inligting wat kwartaalliks gepubliseer is. Reaksie op dié nuusbrieff was baie positief en dit is in 2004 voortgesit. Ander projekte wat aandag geniet het, was die ontwikkeling van 'n gehalteversekeringstelsel; die daarstel van prosedures vir die ontvangs en rondleiding van besoekers by die JS Gericke Biblioteek en 'n ondersoek na die moontlikheid om oortollige maar waardevolle biblioteekmateriaal deur middel van die Internet te verkoop.

8 MENSLIKE HULPBRONNE

Die menslike hulpbronne portefeulje van die Biblioteekdiens is in 2003 geherstruktureer met 'n verdeling van pligte tussen die Adjunktdirekteur, mnr JPJ Engelbrecht en die Assistentdirekteur: Tegnieese Dienste, me A Els ten einde verhoogde aandag te skenk aan dié belangrike bestuursfunksie.

8.1 Personeelomset

Elf nuwe aanstellings is in die verslagjaar by die Biblioteekdiens gemaak, terwyl sewe poste suksesvol geherevalueer is. Die nuwe personeel wat aangestel is, is:

Me RC Faasen (Biblioteekassistent: Bronverskaffing)

Mee AMM Swanepoel en N Moore (Assistentbibliotekaris: Bestelafdeling)

Me VJ Meyer (Biblioteekassistent: Gesondheidswetenskappe Biblioteek)

Me H Strydom (Bibliotekaris 1: INFOBANK)

Me ND Arendse (Biblioteekassistent A: Ingenieursbiblioteek)

Me ML Bergh (Bibliotekaris 1: Katalogiseerafdeling)

Me S Keet (Biblioteekassistent: Katalogiseerafdeling)

Me CA Nieuwoudt (Biblioteekassistent: Tydskrifafdeling)

Mnre N van Wyk en Q Botha (Toegangsbeheerbeampte)

In Februarie is daar afskeid geneem van mnr MEGE von Dürckheim (Assistentdirekteur) wat met pensioen uit diens getree het.

8.2 Opleiding en ontwikkeling

Doelgerigte pogings is in 2003 aangewend om personeel bloot te stel aan opleidings- en ontwikkelingsgeleenthede om gestalte te gee aan die doelstelling om die Biblioteekdiens se belangrikste bate optimaal te benut. Verskeie personeellede op alle posvlakke het internasionale, nasionale, streeks- en plaaslike aanbiedinge bygewoon. Die inhoud het gewissel van opleiding in aspekte van risikobestuur, byvoorbeeld noodhulp en brandbestryding, tot gehalteversekering en konferensies van gespesialiseerde beroepsgerigte aard. Die volgende geleenthede is buite Stellenbosch bygewoon:

- Knowledge Management (iThemba Labs, Faure) - Mee I de Lange en H Swart
- 22nd Annual Course on International Law Librarianship (Kaapstad) - Me M Heese
- SA Online Users Meeting (Muldersdrift, Gauteng) - Mnr JJ Mouton, Mee A Maritz en H Swart

- Performance measurement (Durham, Engeland) en besoeke aan individue in Loughborough - Mnr MT Syphus
- Sabinet Client Conference (Natal) - Prof JH Viljoen
- Symposium on the History of Cartography in Africa (Nasionale Biblioteek, Kaapstad) - Mnr DS Hendriksz en me MC van der Merwe
- IFLA (Berlyn, Duitsland) - Mnr JPJ Engelbrecht
- LIASA (Rustenburg) - Prof JH Viljoen, mnr JPJ Engelbrecht, mee D Pretorius, EA Nolte, A Els, JE Arendse en mnr JJ Mouton
- OCLC (Ohio) - Prof JH Viljoen
- CALICO besoek aan Aleph-instansies in die VSA - Mnr WK Klapwijk
- Electronic Theses & Dissertations Symposium (Witwatersrand Universiteit, Johannesburg) - Mnr PJC Dovey

'n Verdere strategiese doelwit is bereik deurdat daar in 2003 verpligte terugrapportering van opleidingsgeleenthede ingestel is. Sodoende is daar deur middel van veertien formele terugrapporteringssessies geleentheid gebied vir kennisoordrag aan die res van die personeel. Dié sessies is besonder goed deur personeel ontvang en sal in 2004 voortgesit word.

Spesiale aandag is daaraan geskenk om die bywoning van opleidingsgeleenthede by ondersteuningspersoneel aan te moedig. Drie afsonderlike geleenthede: 'n kursus in "Customer Service in your Library"; 'n besprekingsessie met die titel "Masithethe - let us speak" en die 2003 "Shelvers Workshop" is deur altesaam tien personeellede bygewoon.

Algemene inligtingsessies oor prestasie-evaluering en –vergoeding asook gehalteversekering, wat deur alle personeel bygewoon is, is onderskeidelik deur mnr JPJ Engelbrecht en MT Syphus aangebied. 'n Verdere werksessie oor loopbaanontwikkeling is deur me A Potgieter en mnr JA Knight van die Afdeling Menslike Hulpbronne vir die Afdelingshoofde aangebied.

'n Langdienstoekenning (25 jaar) is aan me M Landsberg (Tydskrifafdeling) toegeken. Rektorstoekennings is aan mnr JPJ Engelbrecht en me EA Tarentaal gemaak.

9 BIBLIOTEEKSIMPOSIUM

Die Biblioteekdiens het op 30 en 31 Oktober vir die sesde opeenvolgende jaar h simposium vir bibliotekaris, inligtingspesialiste, opvoedkundiges en uitgewers aangebied. Die titel van die simposium was "The Cost of Information: Who Pays the Ferryman?".

Referate is deur verskeie nasionale en internasionale sprekers gelewer, onder andere me M McPherson, Universiteit van Southern Queensland, Australië; mnr JK Tsebe, Universiteit van die Noorde, prof R de Keyser van die Katolieke Universiteit van Leuven, België en prof DG Law, Universiteit van Strathclyde, Skotland. 'n Verwelkoming is deur prof E Calitz, Uitvoerende Direkteur: Finansies by die Universiteit van Stellenbosch gelewer en die openingsrede was deur prof MM Chanowski van Medialab, Nederland en uitvinder van die interaktiewe laserskyf. Bydraes is ook gelewer deur belangrike rolspelers in die inligtingsomgewing, onder andere: mnr J Jordan, president van die Online Computer Library Centre (OCLC); mnr G Kemp direkteur van Sabinet en mnr W Lujendijk, visepresident van EBSCO Industries in die VSA en ook uitvoerende direkteur van EBSCO Information Services, Europa.

Mnr Lujendijk is vroeër dié maand deur die Universiteit van Stellenbosch met die Pro Bene Merito-toekenning vereer vir die besondere rol wat hy in die ontwikkeling van die biblioteekdiens en die inligtingsbedryf vir spesifiek Stellenbosch, maar ook vir Suid-Afrika gespeel het.

Die aantal afgevaardigdes wat die konferensie bygewoon het, het weer eens verwagtinge oortref; referate was van 'n hoë gehalte en almal is dit eens dat die byeenkoms 'n belangrike plek op die nasionale biblioteekkalender ingeneem het.

10 NASIONALE EN INTERNASIONALE SAMEWERKING

Die Biblioteekdiens se aktiewe deelname aan vennootskappe en skakeling op streeks-, nasionale, en internasionale vlak is in 2003 aktief voortgesit.

10.1 CALICO

Deelname aan die Wes-Kaapse konsortium van tersiêre biblioteke in die Wes-Kaap, CALICO, het in die verslagjaar weer groot insette van personelede geverg met die aanspreek van stelselbestuursprobleme wat veral aandag geniet het. Probleme wat op dié vlak ervaar is, het uitgeloop op die reedsvermelde VSA-besoek wat bevredigende resultate opgelewer het.

Die gevestigde praktyk van 'n daaglikse koerierdiens tussen die vyf instansies en wederkerige uitleenvoorregte vir nagraadse studente en personeel is suksesvol voortgesit. Gedurende die verslagjaar het 112 US-lede aansoek gedoen om CALICO-uitleenvoorregte, terwyl 101 lede van die ander instansies by die Biblioteekdiens vir uitleenvoorregte geregistreer is. 3199 CALICO-lede het die Biblioteekdiens vir naslaan en studie doeleindes besoek.

Goeie vordering is ook in 2003 gemaak met die ontwikkeling en konfigurasie van Metalib en SFX om 'n geïntegreerde, metasoekportaal vir elektroniese bronne en konteks-sensitiewe skakels vir

klïente beskikbaar te stel. Opleiding in die twee produkte het in Maart en April 2003 plaasgevind, waartydens verskeie personeellede, wat met die bedryf van dié stelsels gemoeid sal wees, opgelei is. Implementering van Metalib word met die ingebruikneem van die kampusportaal beoog, terwyl SFX formeel in 2005 in werking gestel sal word.

10.2 Sabinet Online Information Resources Committee

'n Raadgewende forum met verteenwoordigers van al die biblioteekkonsortia in die land, asook van die Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika, is in 2003 in die lewe geroep om die Raad van Sabinet Online te adviseer omtrent sake wat verband hou met sy elektroniese dienste rondom inligtingvoorsiening (d.i. MagNet, ReQuest en SAePublications). Me EA Nolte van die US Biblioteekdiens is as verteenwoordiger van CALICO op hierdie komitee aangewys. Drie vergaderings van die komitee het in Februarie, Mei en Oktober 2003 onderskeidelik by die Sabinet-kantore in Centurion plaasgevind en verskeie sake rondom die bovermelde dienste is deur die verteenwoordigers met die personeel van Sabinet Online bespreek en daarna verder deur Sabinet Online opgeneem. Die sukses waarmee 'n verskeidenheid probleme asook versoeke omtrent verdere ontwikkelinge en verbeterings in die loop van 2003 binne hierdie dienste deurgevoer is, het die voortbestaan van hierdie forum vir die toekoms verseker.

10.3 COSALC

Deelname aan die Coalition of Southern African Library Consortia (COSALC) het in 2003 weer eens vir die Biblioteekdiens tot groot voordeel gestrek. Dié liggaam se bedinging van nasionale terreinlisensies namens sy lede, deur middel van South African Site Licence Initiative (SASLI), het in die verslagjaar R34 542 526 vir sy deelnemende biblioteke bespaar.

10.4 FULSA

Die Forum of University Librarians of South Africa (FULSA) het gedurende Mei by die Universiteit van Venda in Thohoyandou plaasgevind. By die geleentheid is daar besluit oor die wenslikheid van 'n samesmelting van FULSA en die Inter Technikon Library Committee (ITLC). 'n Interim Komitee, bestaande uit twee lede van elk, is aangewys om die tussentydse bestuur te behartig en daar is besluit om die aangeleentheid weer tydens die LIASA konferensie in September ter tafel te neem met die oog op die aanwysing van 'n nuwe Uitvoerende Komitee.

Gehalteversekering het ook onder die loep gekom met 'n aanbieding van prof S Badat, Hoof Uitvoerende Beampte van die Raad op Hoër Onderwys, oor die werksaamhede van die Higher Education Quality Committee (HEQC), en die impak daarvan op biblioteke by tersiêre inrigtings.

By die byeenkoms is daar voorts afskeid geneem van vier hoofde van biblioteke wat voor die volgende vergadering met pensioen uit diens sou tree, waaronder prof JH Viljoen van Stellenbosch.

10.5 OCLC

Die Biblioteekdiens se regstreekse skakeling met en betrokkenheid by die Online Computer Library Centre (OCLC) in Columbus, Ohio, het in die verslagjaar besondere vrugte af gewerp. Hierdie organisasie wat in 84 lande aktief is, het verskeie beleidsaanpassings gedoen om sy globaliseringsaktiwiteite vir die ontwikkelende wêreld toeganklik te maak. Dit behels onder andere 'n gedifferensieërde prysbeleid vir sy produkte. Dié veel groter begrip vir die unieke omstandighede in Suid-Afrika, en ander ontwikkelende lande, is eerstehands tuis gebring tydens die President van OCLC, Jay Jordan se besoek in 2003 aan Suid-Afrika waar hy as spreker opgetree het by die jaarlikse simposium van die Biblioteekdiens.

Direkte betrokkenheid van die Biblioteekdiens by OCLC het in Mei 2003 tot 'n einde gekom toe die termyn van prof JH Viljoen as lid van OCLC se Members Council geeëndig het. Daar is egter besondere kontakte in sy dienstermyn opgebou waarop daar voortgebou kan word.

11 BIBLIOTEEKKOMITEE

Die Biblioteekkomitee het gedurende 2003 bestaan uit die Viserektor (Navorsing) (Voorsitter), die Viserektor (Onderrig), proff JH Viljoen, PG du Plessis, WH van Zyl, B de Villiers, JH Kinghorn, WR Gevers, JL van Niekerk, S Klopper, mnr JPJ Engelbrecht (sekretaris) en mnr J Piek, opgevolg deur mnr L du Plessis (Voorsitter: Akademiese Belangeraad).

Die Komitee het op 13 Mei en weer op 17 September vergader. Die belangrikste agendapunte het gehandel oor:

- Die finansiële beplanning vir 2004
- Ondersoek na 'n nuwe finansiële toedelingsmeganisme
- Verslag: *Strategie vir die Millenium: Oorgang na elektroniese inligtingsdraers*

12 FASILITEITE

12.1 Herinrigting: JS Gericke Biblioteek

'n Komitee is gedurende 2003 in die lewe geroep om ondersoek in te stel na die herinrigting van die JS Gericke Biblioteek. Die sake wat prioriteit geniet en in 2004 verder ondersoek sal word, is:

- Die vestiging van 'n rekenaaropleidingslokaal

- Kantore vir die nuwe afdeling Beplanning en Bemarking
- Hervestiging van die Biblioteek IT-afdeling
- Kantore vir vakbibliotekaris

Op die langer termyn sal daar gekyk word na 'n totale herinrigting van die hoofingang, toegangsbeheer en Tegniese Dienste-afdelings en die afdeling Bronverskaffing, waarby inbegrepe die uitleentoonbank.

12.2 Teologie Biblioteek

Daar is gedurende 2003 begin met veranderinge by die Teologie Biblioteek. Die belangrikste ontwikkeling was die vestiging van 'n klein rekenaargesteunde area in die vroeëre deurnag studielokaal.

12.3 Risikobestuur

Gedurende die loop van die jaar is planne goedgekeur en is daar begin om die personeeling van die JS Gericke Biblioteek te beveilig. Gereelde risikobestuursvergaderings is steeds op 'n kwartaallikse basis gehou waar onveilige toestande aangemeld kon word. Die reëling om studente na-ure by die toegangsbeheerpunt by die JS Gericke Biblioteek te gebruik, is afgeskaf en twee gekwalifiseerde sekerheidsbeamptes is aangestel.

Die gebruik van studente vir toesighouding by die Studiesentrum is insgelyks afgeskaf en die diens is uitgekonnekteer aan die sekuriteitsmaatskappy ADT.

'n Sekuriteitstelsel is by die Teologie Biblioteek geïnstalleer wat terselfdertyd dien as 'n stelsel van toegangsbeheer.

Daar is begin met 'n ondersoek na die moontlike installering van 'n toegangsbeheerstelsel by die Gesondheidswetenskappe Biblioteek.

13 DOELWITTE: 2004

Die 2004 doelwitte vir die US Biblioteekdiens sal die 5-punt visiestelling van die Universiteit van Stellenbosch, wat as samevatting van die strategiese Raamwerk van 2000 geformuleer is, ondersteun. Die lewering van 'n effektiewe en dinamiese inligtingsdiens bly die Biblioteekdiens se kernbevoegdheid. Nuwe fokusareas ten opsigte van dienslewering aan kliënte sal geïdentifiseer moet word ten einde steeds in hierdie opsig uitnemend te wees binne die finansiële raamwerk waarbinne die Biblioteekdiens moet funksioneer.

Drie groot uitdagings wag op die Biblioteekdiens in die komende jaar, nl. die daarstelling van 'n gehalteversekeringstelsel, die herstrukturering van die personeelkomponent ten einde 'n besparing van 1,8 miljoen rand teweeg te bring en die implementering van 'n nuwe prestasiebestuurstelsel in samewerking met die Afdeling Menslike Hulpbronne.

Ten einde in 2005 na 'n suksesvolle jaar te kan terugkyk, moet daar deurgaans aandag gegee word aan opleiding, toerusting en bemagtiging van die personeelkomponent van die Biblioteekdiens, veral ook ten opsigte van die hantering van die veranderende omgewing.

14 DANKWOORD

Die personeel van die Biblioteekdiens het gedurende 2003 hulle volle ondersteuning gegee aan die verwesenliking van die visie van die Biblioteekdiens en word opreg bedank vir hulle toegewydheid en volgehoue ingesteldheid daarop om 'n hoë kwaliteit diens aan alle kliënte te lewer.

'n Verdere woord van dank aan die Rektooraat, Studenteraad, Biblioteekkomitee en die dekane vir hulle deurlopende ondersteuning, goeie samewerking en waardevolle insette tot die suksesvolle bestuur van die Biblioteekdiens.